



Tennis

HSS beskik oor 4 tennisbane en ons seuns en dogters speel in die Wes-Bolandliga. Mnr. Irvan Turner en mej. Madelene Jordaan is onderskeidelik vir die seuns- en dogter spanne verantwoordelik.



Die 2016 tennisseisoen was een waarin Hoërskool Swartland goed presteer het.

Spantennis:

Beide die eerste seuns- en eerste dogterstennispan eindig die seisoen tweede in die liga. Die tweede seunspan wen drie van hul vyf wedstryde. Die tweede dogterspan wen drie van hul ses wedstryde en eindig dus tweede in die Wes-Bolandliga. Talle van ons opponerende skole speel met hul eerste spanne in die tweede liga. Van die totaal van 15 wedstryde wat deur ons spanne gespeel is, het ons 10 gewen en slegs 5 verloor.

Dit was vanjaar ook die negende somer-interskolestryd tussen Swartland en Hugenote. Die eerste seunspan wen 14 – 3, terwyl die eerste dogterspan 1 - 12 verloor. Die tweede seuns- en dogterspanne verloor onderskeidelik 4 – 11 en 4 – 10.

Individuele prestasies:

Ses van ons skool se leerders: **Altea Eksteen** (o/19-dogters), **James Howard**, **Franco Rheeder** (o/17-seuns), **Selma Willemse** (o/17-dogters) **Jared Howard** (o/15-seuns) en **Lisa Eksteen** (o/15-dogters) het onder die eerste 4 by die Wes-Bolandproewe geëindig. Hulle het **Wes-Boland** verteenwoordig by die Boland Plattelandtoernooi wat in Worcester plaasgevind het. Noord-, Suid- en Noordwes-Boland was die ander streke betrokke in die toernooi.



Vier van ons skool se spelers is in die **Boland Plattelandspan** opgeneem: **Lisa Eksteen** (o/15-dogters), **Jared Howard** (o/15-seuns), **James Howard** (o/17-seuns) en **Altea Eksteen** (o/19-dogters)



One of our players, **Jared Howard**, was included in the **Boland B o/15 Tennis team**.



Afrigting:

Tennisoefening is gedurende die seisoen elke middag van Maandag tot Donderdag aangebied. Die wedstryde is op Vrydagmiddae beslis. Twee afrigters was betrokke by die afrigting van die ongeveer 22 spelers. Ons het vanjaar ook 'n professionele tennis-afrigter, mnr. Duane Burden van **Step Ahead Tennis Academy**, gehad wat ons eerste seuns- en dogterspan een keer 'n week afgerig het. Daar was ook speelgeleentheid onder toesig vir spelers wat slegs sosiaal wou speel. Daar is nuwe verwickelinge rondom beoogde tennisstrukture wat moet verander en 'n moontlikheid bestaan dat HSS 'n fokusskool vir tennis kan raak.



Terugblik

Ons kyk terug op 'n jaar waarin ons spelers goed presteer het. Deelname aan sport sal in die toekoms al hoe meer aangemoedig moet word om leerders konstruktief besig te hou en hulle die blootstelling te gee aan fisiese, vaardigheids- en lewensontwikkeling wat deur deelname aan sport bevorder word.

Ons sien uit na die nuwe seisoen waarin ons leerders weer geleentheid tot gesonde tenniskompetisie sal kry.



Ons seuns en dogters 1ste spanne op hul toer na Bredasdorp